

15 Januarie

**Skrifgedeelte: Job 32-33**

**Fokusgedeelte: Job 33:14-33**

### **Een uit duisend**

Onverwags verskyn daar by Job nog 'n spreker op die toneel: Elihu (sy naam beteken “die Here, die Verbondsgod, is my God”). Hy praat reguit met Job (33:3). Hy het gehoor wat Job alles gesê het en hy sê prontuit: “Hierin is jy verkeerd; God is meer as die mens. Waarom beskuldig jy vir God? Hy hoef nie vir jou rekenskap te gee van sy dae nie” (33:12, 13). Teenoor Job se verwyt dat God hom nie antwoord nie, verklaar Elihu: “God spreek die mens aan” (33:14). God praat met mense deur drome, maar ook deur siektes.

Juis in tye van siekte kom daar soms 'n “engel” (NAV), “... 'n gesant, 'n tolk, een uit duisend ...” (33:23, OAV). God gebruik so 'n engel om vir die sieke te pleit en hom jammer te kry. Hy wys die lydende op sy plig in die lyding. Hy tree vir hom in en bring 'n boodskap van genade: die losprys-gedagte (33:24). Dit bring mee dat die sieke weer kan bid – en God sal sy gebed verhoor.

Uit die skadu's van die Ou Testament skyn reeds die profesie deur van Hom, Jesus Christus, ons Here en enigste Middelaar. Hy is nie net een uit duisend nie. Hy is die Enigste – ook vir jou en my in óns nood en tye van versoeking! Ons nood kan in Christus en deur die Heilige Gees “preekstoele” word. Swaarkry en beproewing werk vir ons as gelowiges ten goede mee (Rom. 8:28). Ons het méér as 'n engel. Ons het 'n Hoëpriester wat medelye met ons swakhede het.

“Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon” deur Hom (Heb. 4:16).

Sing: Skrifberyming 18:1

Dr. PP Krüger (Emeritus)